PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR :2 van 2024

<u>AAN</u> : ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE

EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

<u>BEGRAFNISSKEMA: SANLAM GROEP RISIKO</u>

Omsendskrywe 6 van 2023 het die nuwe diensverskaffer vir die begrafnisskema aangekondig. Dit was Sanlam Groep Risiko in die plek van Sanlam Sky.

By Opsie 1 was aangedui dat dekking staak by ‘n fondsgebeurtenis (aftrede, bedanking, aflegging) en dat daar by Opsie 2 voortgegaan kan word met die skema na aftrede en dat die polis opbetaald gemaak word.

Sommige lede en werkgewers was nie gelukkig met die feit dat hulle nie onder een van die twee opsies met die skema kon voortgaan by bedanking nie aangesien Sanlam Sky dit toegelaat het in die verlede.

Die saak is verder ondersoek en na samesprekings met Sanlam Groep Risiko (en Sanlam Groep Risiko op hulle beurt met Sanlam Sky), is daar ooreengekom dat lede wel met die skema kan voortgaan by bedanking maar dan in ‘n individuele hoedanigheid en wel by Sanlam Sky (Sanlam Developing Markets). Hierdie word “exit cover” of diensverlating dekking genoem.

Kragtens *Policyholder Protection Rules* van die Langtermyn Versekeringswet 1998, kan daar nie ‘n wagtydperk op dekking geplaas word nie indien lede kan bewys dat hulle wel vantevore soortgelyke dekking gehad het nie. Daarom sou lede onmiddellik kwalifiseer vir die voortsetting van hierdie dekking by bedanking solank hulle binne 31 dae na bedanking aansoek doen daarvoor en dat hulle vir ten minste ses maande voor bedanking die voordeel van die skema dekking geniet het.

Die premies vir die voortsetting van hierdie dekking gaan egter nie meer in groepsverband bepaal word nie maar sal wel gebaseer word op die lid se ouderdom by bedanking. Omdat dit op ‘n individuele lid se ouderdom bepaal word, gaan die premies heelwat meer wees.

Daar is twee dokumente wat saam met hierdie omsendskrywe gestuur word:

One Funeral Application form, en
Exit cover – how to apply

Ons besef hierdie is nie die ideale oplossing nie (omdat die premies verhoog) maar die opsie is ten minste beskikbaar vir alle lede wat bedank, afgelê word of wat onder Opsie 1 aftree.

Alles van die beste!

TP Smith

TP SMITH
PENSIOENBESTUURDER